

LINDENNUUS

2 NOVEMBER 2018



...meer as net `n skool

Geagte Leser

Hierdie is die laaste LindenNuus vir 2018. Ons staan aan die einde van 'n opwindende en suksesvolle jaar by Hoërskool Linden. Lindeniete het hulle op vele terreine in akademie, sport en kultuur uitpresteer. Ons het heerlik saamgekuier en nuwe vriende gemaak rondom Wildsfeesvure, op die dansbaan en in die Somerfeesson.

Nou is dit tyd om te groet vir die jaar. Ons wens elke Lindeniet, ouer en personeellid 'n geseënde feestyd toe. Geniet die welverdiende vakansie en kom veilig terug in 2019.

AKADEMIE

Eksamen

Sterkte met die eindeksamen wat Maandag 5 November begin. Die rooster is op die d6-kommunikeerder beskikbaar.

Robotika

Hoërskool Linden se Graad 9 Robotikaspan, Sonic Boom, dring deur na die FLL nasionale ronde. Baie geluk Sonic Boom!



Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; <http://www.linden.co.za/>

SPORT

Tennis

Baie geluk aan die junior tennisspanne wat briljante tennis by die Junior Interhoër gespeel het. Die seuns eindig vierde en die dogters sesde uit 25 skole wat deelgeneem het.



KULTUUR

Nasionale Eisteddfod (NEA)

Hoërskool Linden stap weg met sakke vol pryse by vanjaar se NEA Streeksprysuitdeling:

- 17 Itemwenner sertifikate
- 8 Kategoriewenner medaljes
- 2 Prestige-toekennings
- 4 Ambassadeur-toekennings (waarvan 2 deur die Lindenkoor verwerf is).

Hoërskool Linden is die enigste Afrikaanssprekende hoërskool onder die algehele top 10 skole in die streek.

Hierdie is beslis 'n prestasie vir Lindenkultuur se rekordboeke. Baie geluk!

Ja-Nee Skoolkoerant

Hoërskool Linden behaal die derde plek in Beeld se nasionale kompetisie vir gedrukte skoolkoerante. Baie geluk aan die redaksie.



Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; <http://www.linden.co.za/>

BINNEHUISE SPORTSENTRUM

Hoërskool Linden streef na hoër hoogtes in die ontwikkeling van ons leerders. Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat ons in 2019 'n meerdoelige sportbaan vir ons leerders, maar ook vir die breër Lindengemeenskap langs die huidige tennisbane gaan oprig. Hierdie baan sal die basis vorm van 'n binnehuisse, meerdoelige sportsentrum, vir sportsoorte soos hokkie, netbal, sokker, skyfskiet, tennis en krieket.

Hoërskool Linden fokus nie slegs op die ontwikkeling van goed gebalanseerde jongmense nie, maar ons beskou die skool as 'n belangrike vennoot in die Lindengemeenskap. Die skool maak staat op eksterne befondsing van individue en die sakegemeenskap om geleenthede vir ons leerders daar te stel, 'n hoë standaard te handhaaf en relevant te bly in 'n veranderende wêreld. Ons vertrou dat die hele gemeenskap hierin sal belê, ons sal ondersteun en daaruit sal baat.

Die doel met die sportsentrum is ook om toernooie te huisves wat 'n finansiële inspuiting vir die Linden sakesentrum tot gevolg sal hê. Ons glo dat dié ikoon Linden as gemeenskap nog meer populêr sal maak en baie voete na Linden se unieke omgewing sal lok.

Dit is binne hierdie raamwerk dat ons die vrymoedigheid neem om individue én besighede te vra vir 'n donasie om hierdie projek te ondersteun. Die fondsinsamelingsinisiatief vir die eerste fase van die projek naamlik, die bou van die baan, staan bekend as die Koop-'n-Blokkie-projek.

Daar is 'n 1000 blokkies beskikbaar gestel wat die 1000m² van die baan verteenwoordig. Die koste van 'n blokkie is R500 elk. Elke individu en/of besigheid wat 'n blokkie koop se naam verskyn op die blokkiesbaan op Hoërskool Linden se webblad. Besoek ons webblad by www.linden.co.za om die vordering van hierdie projek dop te hou.

Unieke bemarkingsgeleenthede op Hoërskool Linden se webblad en ander platforms is beskikbaar vir besighede wat meer as vyf blokkies koop. Rig navrae in die verband aan: sportblokkie@linden.co.za.

Blokkies kan aangekoop word deur middel van *Snapscan* of 'n elektroniese betaling in Hoërskool Linden se bankrekening. Gebruik asseblief dieselfde verwysing vir *Snapscan* en 'n elektroniese betaling.

Bankbesonderhede is as volg:

Hoërskool Linden. FNB. Tak 253705. Rekening 62577202410.
Verwysing: 290055 Voorletters en Van.

Stuur asseblief bewys van betaling na sportblokkie@linden.co.za

Vir enige navrae, stuur asseblief 'n epos na sportblokkie@linden.co.za of kontak vir Renate Hoffman by 0832616710 of Jakomien de Souza by 0823303890.

Hoërskool Linden bedank u vir u ondersteuning in hierdie opwindende projek wat ons glo vele geleenthede vir ons leerders en die gemeenskap sal inhou.

KOOP 'n BLOKKIE @ R500 per blokkie

Ten bate van Linden se meerdoelige sportsentrum.

Deur te ScapScan of EFT na Hoërskool Linden FNB 62577202410

Snapscan en EFT verwysing: 290055 Naam en Van

Bewys van betaling na sportblokkie@linden.co.za

Sien jou naam op jou blokkie(s) op www.linden.co.za



Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; <http://www.linden.co.za/>

CUSTOM LANDY'S

CENTURION

WHAT YOUR LAND ROVER NEEDS

ALL REPAIRS & CUSTOMISING



LEON

072 648 9533

leon.strydom1@gmail.com

